MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

25 January 2010

Yet another farm murder – CDA calls on Mulder

"There can be no further delay for the deputy minister of Agriculture, Dr. Pieter Mulder, to prove that he has sufficient influence to twist the arm of government to continuously condemn farm attacks and especially farm murders. This would make it clear that government is not silently condoning this." So says Christian Democratic Party (CDP) leader and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA), rev. Theunis Botha.

"We express our deepest sympathy with the next of kin of the murdered Dr. Ernest Gieseke of Ficksburg. According to reports he was a philanthropist who served at the University of Fort Hare until his retirement. This makes a mockery of claims by, amongst others, Deputy President Kgalema Mothlante, that farmers, by allegedly maltreating farm workers, are themselves responsible for these horror attacks. "

"I find it most traumatic to issue release after release expressing sympathy,,whilst government is silent in all eleven official languages. With the previous Free State farm murders, the Freedom Front Plus condemned these acts through their provincial leader and national chair, Abrie Oosthuizen. We however feel that farm murders are such a national crisis that a clear message should have been sent out by Dr. Mulder as deputy minister of Agriculture, or that he should at least, have influenced the minster to react herself."

"We plead with Dr. Mulder to prove that he is of a different mettle than another person, who also promised to be the voice of some, but since inclusion in Cabinet has fallen into silence. Farm murders are a national crisis of such magnitude that it should not become the battle field for political parties to score political points, thus increasing the trauma of the next of kin. Government should, on a continuous basis, make it clear, that farm attacks are not being silently condoned."

Nog 'n plaasmoord – CDA doen beroep op Mulder

"Dit is nou hoog tyd dat die adjunk-minister van landbou, dr. Pieter Mulder, genoeg invloed in die regering het om die regering so ver te kry om plaasaanvalle en veral plaasmoorde deurlopend so onomwonde te veroordeel dat potenisieële plaasmoordenaars die boodskap helder en duidelik kry dat dié praktyk nie die regering se stilswyende goedkeuring wegdra nie." So sê die leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA), ds. Theunis Botha.

"Ons spreek ons medelye met die naasbestaandes van die vermoorde dr. Ernest Giesekke van Ficksburg uit. Volgens berigte was hy 'n filantroop wat tot sy aftrede in diens van die Universiteit Fort Hare was. Dit maak 'n mite van aansprake deur onder meer adjunk-president Kgalema Mothlante dat boere deur die beweerde swak behandeling van hul werkers self die plaasaanvalle op hulle trek."

"Dit is vir ons traumaties om die een verklaring na die ander oor plaasaanvalle uit te reik, en met die naasbestaandes te simpatiseer, maar gewoonlik swyg die regering in al elf amptelike tale. Met die vorige Vrystaatse plaasmoorde het die Vryheidsfront Plus wel deur sy provinsiale leier en nasionale voorsitter, Mnr. Abrie Oosthuizen, sterk reageer. Plaasmoorde is egter duidelik 'n nasionale krisis, en dit sou 'n duideliker boodskap uitgestuur het sou Mulder as adjunk-minister van landbou, namens die minister gereageer het, of genoeg invloed op die minister uitgeoefen het dat sy self sou reageer."

"Ons pleit by Mulder om te wys dat hy anders is as 'n ander wat beloof het om sekere mense se stem te wees, nie ook na toetrede tot die regering in stilte te verval nie. Plaasmoorde is 'n te groot nasionale krisis om as slagveld vir politieke punte te dien en sodoende tot die naasbestaandes se trauma by te dra. Dit sal grootliks ontlont word as die regering die klimaat teen plaasaanvalle behoorlik en deurlopend skep."